03 Die Naspers-groep

NASPERS

SAKESEGMENT

Internet

(insluitend belangrike handelsmerke van geassosieerde maatskappye)

Beleggings in internetplatforms in Middel- en Oos-Europa, China, Rusland, Brasilië, Afrika, Indië en Thailand. Dienste word primêr gelewer na rekenaars en selfone.

Betaaltelevisie

Betaaltelevisie-intekenaarplatforms en -kanale in Afrika suid van die Sahara, asook beleggings in mobiele televisie in Afrika suid van die Sahara.

Drukmedia

(insluitend belangrike handelsmerke van geassosieerde maatskappye)

Tydskrifte, koerante, drukkerye, verspreiding en boekuitgewerye in Suid-Afrika en Afrika suid van die Sahara, asook drukmediabeleggings in Brasilië en China.

Tegnologie

Ontwikkeling van onderliggende tegnologieë vir internet-, betaaltelevisie- en mobiele platforms.

BELANGRIKE HANDELSMERKE

INTERNET (insluitend belangrike handelsmerke van geassosieerde maatskappye) – 24.com, ACL, Allegro, Ancestry24, Aruodas.lt, Aukro, bixeeCrawlX, pixee.com, Careers24, ceneo.pl Channel24, Compero, Crossfire en Xunixian is gelisensieerde speletjies, Dungeon & Fighter, Fin24, EDOMUS.LT, Food24, Gadu-Gadu, GoTravel24, GadunaGlos, GaduRadio, Health24, ibibo, Images24, iStore.pl, Kalahari.net, KV.EE, Litnet.co.za, mail.ru, Mobile QQ, MojaGeneracja, molotok, MWEB (Thailand), MXit, Netads24, News24, Nimbuzz, onefamily, OSTA.EE, otoDom.pl, otoMoto.pl, Qzone, Paipai.com, Platnosci, PayGSM, PayU, Pixrat, Property24, QQ, Ricardo, Sanook!, Skelbia.it, Soso.com, Sports24, Tencent, Tenpay, teszvesz, TM, RTX, TT Explorer, Wheels24, Women24, qq.com, QQ Dance, QQ Doctor, QQ Download, QQ Friends, QQ eye, QQ Fantasy, QQ Game, QQ Mail, QQ Member, QQ Music, QQ Live, QQ Pinyi Input Method, 3G.QQ.com, QQ Pet, QQ San Guo, QQ Show, QQ Speed, QQ Tang

BETAALTELEVISIE – M-Net Action, AfricaMagic, AfricaMagic Plus, Big Brother, Carte Blanche, Channel O, DStv, go, Idols, K-World, kykNET, MK, M-Net, M-Net Movies 1 en 2, M-Net Series, M-Net Stars, MediaZone, MultiChoice Africa, MultiChoice Hellas, NetMed, Nova, Oracle Airtime Sales, SuperSport, SuperSport Travel, SuperSport United Football Club

DRUKMEDIA (insluitend belangrike handelsmerke van geassosieerde maatskappye)
KOERANTE – Afrika: Beeld, City Press, Daily Sun, Die Burger, Rapport, Soccer Laduuuuuma!, Son, Sondag, Sunday Sun, The Witness, Volksblad en verskeie gemeenskapskoerante. **China:** Beijing Youth Daily, Titan Zhou Bao
TYDSKRIFTE – Afrika: COSMOPOLITAN, Destiny, DRUM, FAIRLADY, FEMINA, FHM, FINWEEK, heat, HUISgenoot, KICKOFF, Landbouweekblad, Men's Health, Move!, PSYCHOLOGIES, Real, SARIE, Sports Illustrated, seventeen, TRUE LOVE, tuis, tv24, tvplus, Twende, *Weg*, YOU en 45 ander. **Brasilië:** Claudia, EXAME, Nova, Ana Maria, Vejá, Viagem, Viva! en 90 ander. **China:** Allsports, Golf Digest China, MILK, Outside, SLAM, Soccer Weekly, Yoga Journal
DRUKKERYE – Paarl Gravure, Paarl Media, Paarl Print, Paarl Labels, Paarl Web, Paarl Web Gauteng, Print24
LOGISTIEK – MCS24, NLD24, NND24, ON THE DOT **BOEKE** – Atica & Scipione (Brasilië), Collegium Botswana, Jonathan Ball Publishers, Leisure Books/Leserskring, NB Uitgewers, Nasou Via Afrika, Van Schaik Uitgewers

TEGNOLOGIE – Irdeto, Entriq, BSS

ONS GLOBALE SPOOR

NASPERS

GROEP WERKSAAMHEDE

- Internet
- Betaaltelevisie
- Drukmedia
- Tegnologie

Tallinn
Moskou
Nizhniy Novgorod
Novosibirsk
ASIË
Kiëf
Ekatarinaburg
Harbin
Tsjangtsjoen
Oeroemtjie
Sjenjang
Beijing
Tianjin
Lanzjoe
Sjijiazjoeung
Seoel
Tokio
Taijoen
Jinan
Ksi'an
Zjenzjoe
Thessalonika
Athene
Nicosia
Nanjing
Hefei
Shanghai
Tsjengdoc
Wochan
Hungzjoe
Tsjongkwing
Tsjangsja
Nantsjang
Foezjoe
Goejang
Doebai
Koeming
Goeangzjoe
Sjenzjen
Nanning
Hongkong
Nieu-Delhi
Khartoem
Asmara
Djamena
Bangalore
Bangkok
Djiboeti
Adis Abëba
Bangui
Juba
Singapoer
Kampala
Nairobi
Kigali
Arusha
Mombasa
Bujumbura
Mahe
Zanzibar
Dar es Salaam
Lumbumbashi
Moroni
Lilongwe
Blantyre
Nampula
Harare
Mutare
Beira
Bulawayo
Antananarivo
Port Louis
Trianon
Maputo
Mbabane
Maseru
Durban
AUSTRALIË
Sydney

Globale spoor

Voorsitter: Ton Vosloo

Die groep het die afgelope jaar groei getoon, veral in die internetsektor. Die kernbedrywighede het goed gevaar en die ontwikkeling van verskeie sakegeleenthede het gevorder.

OORSIG

'n Aantal nuwe beleggings soos Tradus en Gadu-Gadu is vir die eerste keer by ons finansiële resultate ingesluit. Ons het ook sekere bedrywighede van die hand gesit. Die privateonderwys-onderneming, Educor, is as 'n lopende saak verkoop. Voorwaardelike verkoopooreenkomste is ook met ForthNet SA, 'n toonaangewende Griekse telekommunikasiemaatskappy, aangegaan om die Griekse en Cipriese betaaltelevisiebesigheid (NetMed) van die hand te sit. Koopaanbiedinge vir die konnektiwiteitsonderneming, MWEB, is aangevra en word tans geëvalueer.

Finansiële prestasie van die afgelope jaar word in die finansiële oorsig op bladsy 18 van hierdie jaarverslag ontleed. Opsommenderwys het omset met 19% tot R20,5 miljard geklim, grootliks danksy die bydrae van die betaaltelevisie- en internetondernemings. Bedryfswins voor amortisasie en ander winste/verliese het met 15% gestyg, ondanks die toename in ontwikkelingskoste. Gedurende die jaar het kernwesensverdienste met 38% gestyg, en kernwesensverdienste per N- gewone aandeel met 16% tot R11,16.

TRADUS

Gadu-Gadu

INTERNET

Die internetsegment het omsetgroei van 42% tot R1,6 miljard getoon. Hierdie verhoging was danksy die sterk prestasie deur gevestigde bedrywighede en die insluiting van die nuwe beleggings in die huidige jaar.

Die verkryging van 100% van Tradus is in Maart 2008 beklink. Tradus bedryf in twaalf lande toonaangewende handelsplatforms wat aanlynveilings- en vasteprys-verkoopdienste aan gebruikers bied. Die hoofmark is Pole, met snelgroeiende bedrywighede in Wes-, Sentraal- en Oos-Europa. Oor die afgelope jaar het geregistreerde gebruikers met 41% tot 12 miljoen toegeneem. Die bruto waarde van handelsware wat op sy platform verhandel word, het met 45% tot €1,6 miljard gestyg en omset het met 78% tot €107 miljoen toegeneem. Ons het die groep in twee gefokusde ondernemings herstruktureer, met die Allegro-handelsmerk wat op Oos-Europa konsentreer en Ricardo op die Wes-Europese markte.

In China het Tencent sy posisie versterk met die *QQ*-platform, wat 317 miljoen aktiewe geregistreerde gebruikersrekeninge bereik het. Die *QQ*.com-portaal en draadlose diensportale het hul markposisie verder uitgebrei. Gelyktydige spitstyd-gebruikers van die *QQ-Game*-portaal het tot vier miljoen toegeneem. Tencent, wat onlangs by die Hongkongse Hang Seng-indeks ingesluit is, het R615 miljoen tot die groep se kernwesens-verdienste bygedra.

In Rusland ondervind mail.ru vinnige groei. Hy het verkeer na sy portaal amper verdubbel. Sy kernaanbod van e-posdienste het die

laaste paar jaar teen 'n saamgestelde koers van 59% per jaar gegroei.

mail.ru het R49 miljoen tot ons kernwesensverdienste bygedra.

In Desember 2007 het ons 97% van die Warskou-genoteerde Gadu-Gadu, die voorste kitsboodskapplatform in Pole, verkry. Die getal aktiewe kitsboodskapgebruikers het die afgelope jaar met 10% tot 5,9 miljoen gegroei. Die sosiale netwerkwebwerf het nou 3,2 miljoen gebruikers.

In Suid-Afrika het die konnektiwiteitsonderneming MWEB sy posisie as die voorste internetdiensverskaffer (IDV) gehandhaaf. In die res van Afrika suid van die Sahara is AFSAT die toonaangewende verskaffer van netwerkoplossings deur satelliettegnologie. Aangesien die groep geen ander IDV-dienste elders besit nie, is koopaanbiedinge vir hierdie dienste aangevra en word tans geëvalueer.

24.com bly die grootste internetuitgewer in Suid-Afrika. MXit het sy omset oor die tydperk verdubbel en meer as agt miljoen gebruikers bereik. Dienste is ook in die buiteland bekend gestel.

In Indië het ons R103 miljoen belê om die nuwe sosialenetwerk- en plaaslike soekdiens ibibo te ontwikkel. Dit is een van die snelgroeiendste Indiese internetwebwerwe met 1,7 miljoen geregistreerde gebruikers. ibibo het onlangs 'n ooreenkoms aangegaan om in vennootskap met Tencent in Indië te werk.

BETAALTELEVISIE

Die betaaltelevisie-segment se omset het met 22% gestyg – hoofsaaklik danksy 246 000 gelykstaande intekenare wat bygevoeg is. Die totale intekenaarbasis, uitgesonderd die Mediterreense streek, sluit 2,1 miljoen huishoudings in. Bedryfswins voor amortisasie en ander winste/verliese het met 22% toegeneem. Mededinging in beide Suid-Afrika en Afrika suid van die Sahara sal in die komende jaar waarskynlik toeneem, wat steeds druk op inhoudskoste en bedryfsmarges sal plaas.

Ondanks stadiger verbruikersbesteding het die betaaltelevisie-onderneming in Suid-Afrika intekenaargroei getoon. Die gelykstaande basis het met 178 000 tot 1,57 miljoen huishoudings toegeneem, terwyl die gebruik van persoonlike videoopnemers (PVO's) van 133 000 tot 242 000 huishoudings gestyg het. Die goedkoper *DStv Compact*-boeket het steeds goed gevaar. Twee bekostigbare boekette, *DStv Select* en *EasyView*, is, onderskeidelik, bekend gestel en herloods om die basis te verbreed.

2,1 miljoen betaaltelevisie-huishoudings

DStv, M-Net en *SuperSport* het verskeie veranderings aan hul programaanbieding aangebring om hul aantreklikheid vir laerinkomste-huishoudings te verhoog – insluitend nuwe TV-kanale en selfvervaardigde plaaslike programme wat bekend gestel is, asook die verkryging van bykomende

sokkerligas, wat die kykerpubliek nou meer sport bied. SuperSport is nou die voorste befondser van sportligas op die vasteland van Afrika in die geheel.

Die intekenaarbasis in Afrika suid van die Sahara het met 68 000 tot 539 000 huishoudings gegroei. Groei was hoofsaaklik afkomstig van die Nigeriese en Angolese markte. Soos in Suid-Afrika, het die bekendstelling van goedkoper gesinsboekette verkope 'n hupstoot gegee. Die fokus op meer plaaslike programinhoud en 'n breër basis van programme stimuleer groei.

Aandeelhouers is in kennis gestel dat voorwaardelike ooreenkomste met 'n toonaangewende Griekse telekommunikasiemaatskappy, ForthNet SA, aangegaan is om ons belang te verkoop in NetMed, wat die Griekse en Cipriese betaal-televisiebedrywighede besit. Op 14 Mei het ForthNet-aandeelhouers 'n regte-uitgifte goedgekeur om hierdie transaksie gedeeltelik te befonds. Die verwagting is tans dat die transaksie later vanjaar afgehandel sal word. As gevolg van hierdie ooreenkomste is die Mediterreense betaaltelevisie-onderneming in ons finansiële resultate as 'n beëindigde bedrywigheid hanteer.

Mobieletelevisie-dienste stel verbruikers in staat om 'n boeket van TV-kanale op hul selfone te ontvang. Die ontwikkeling van hierdie tegnologie is nog in 'n vroeë stadium, maar regoor die wêreld brei bekendstellingsveldtogte vinnig uit en word sakemodelle ontwikkel. Waardetoegevoegde internet-tipe dienste op selfone groei ook. Die groep sal voortgaan om produkte en dienste in hierdie segment te ontwikkel. In die huidige jaar is R86 miljoen in die ontwikkeling van mobieletelevisie-dienste belê.

In Suid-Afrika is daar ongelukkig 'n vertraging met die uitreiking van lisensies vir mobiele televisie. Intussen maak ons nog steeds vordering met mobiele-TV-toetslopies in verskeie groot stede.

Op die res van die vasteland van Afrika word volledige mobieletelevisie-dienste nou in Nigerië, Kenia en Namibië bedryf, terwyl lisensies in 'n aantal ander lande uitgereik is.

539 duisend intekenare in Afrika suid van die Sahara

DRUKMEDIA

Weens die dalende verbruikersbesteding in Suid-Afrika het die drukmediasegment 'n moeilike jaar agter die rug. Nadat ons etlike jare lank nuwe projekte en titels geloods het, is 'n aantal swakker titels vanjaar gesnoei. Omset het met 8% gegroei,



terwyl bedryfswins voor amortisasie en ander winste/verliese 11% laer is as verlede jaar – hoofsaaklik as gevolg van ontwikkelingskoste. In die komende jaar sal die grootste fokus op die verbetering van marges en kontantvloei wees.

Koerante, tydskrifte en drukkerye

Sirkulasiegroei vir titels soos *Daily Sun, Son* en *Soccer Laduuuuuma!*, wat op die ontluikende mark gerig is, bly positief, asook titels in sommige nismarkte soos *Weg.*

Daar was 'n merkbare afname in advertensiesteun, veral by tydskrifte. Nadat sirkulasie-insidente sekere tydskriftitels geaffekteer het, is die betrokke adverteerders vergoed.

Die drukkery-onderneming Paarl Media het 'n stewige jaar agter die rug, en die nuwe aanleg in Gauteng het oorspronklike verwagtinge oortref.

In Brasilië het Abril goed presteer danksy die kragtige bydrae van 'n unieke afleweringsnetwerk vir tydskrifte. Die betaaltelevisie-verspreidingsdiens, TVA, is gedurende die tydperk van die hand gesit. Abril se bydrae tot die groep se kernwesens-verdienste was R150 miljoen.

Boekuitgewerye en private onderwys

Die Suid-Afrikaanse besigheid het nou 'n kleiner omset en bedryfswins, nadat die kleinhandelsbates Van Schaik Boekhandel en Afribooks van die hand gesit is. Die oorblywende bates het bevredigend presteer. Die privateonderwys-onderneming is gedurende die jaar verkoop en is as 'n beëindigde bedrywigheid hanteer.

TEGNOLOGIE

Irdeto het sy omset uit betaaltelevisie-, mobieletelevisie- en internetprotokoltelevisiedienste met 24% tot R1 miljard verhoog. Sowat 10,7 miljoen knapkaarte en sekuriteit-

skyfies is gedurende die tydperk bestel. Met die verkryging van die dekodeerderbedryfstelsel-maatskappy, IDWay, en die groep se klantesorg- en faktuur-onderneming, bied Irdeto nou 'n volledige oplossing vir sy betaaltelevisieklante.

Om sy sekuriteitsgrondslag verder te diversifiseer, het Irdeto vir Cloakware verkry. Hierdie eenheid bied programmatuurbeskermingsprodukte via programmatuurtoepassings.

Entriq het sy omsetgroei voortgesit, en terselfdertyd sy vermoëns uitgebrei as 'n tegnologieverskaffer wat inhoudverskaffers en saamvoegers in staat stel om vermaak en sportvideo's oor breëband te versprei en betaling daarvoor te kry. Nuwe klante is verkry deur interne groei en die aankoop van DayPort, en op bedryfsvlak word Entriq nou met Irdeto geïntegreer.

DIVIDEND

Die direksie het aanbeveel dat die jaarlikse dividend met 15% tot 180 sent (voorheen 156 sent) per N- gewone aandeel verhoog word, en tot 36 sent (voorheen 31 sent) per ongenoteerde A- gewone aandeel. Indien die voorstel deur die aandeelhouers goedgekeur word, is dividende betaalbaar aan aandeelhouers wat op 5 September 2008 geregistreer is. Dit sal op 8 September 2008 betaal word. Die laaste dag van verhandeling met dividende sal 29 Augustus 2008 wees.

STRATEGIE EN VOORUITSIGTE

Vooruitskouend fokus ons groeistrategie steeds op drie aspekte: organiese uitbreiding in bestaande ondernemings, die ontwikkeling van nuwe geleenthede en die identifisering van aantreklike beleggings. Geografies bly ons fokus op ontluikende markte, aangesien hierdie ekonomieë nog steeds goeie groeigeleenthede bied. Die groep het die afgelope twee jaar beduidende beleggings aangegaan, wat verder ontwikkel sal word. Ons strewe is steeds om oor die medium- en langtermyn waarde vir ons aandeelhouers te vind en ontsluit.

Finansiële prestasie in die tydperk wat voorlê, sal beïnvloed word deur die tydstip waarop regulatoriese goedkeuring vir nuwe inisiatiewe soos mobiele televisie en die ontwikkeling van internetgeleenthede verkry word. Sulke dienste het met hul bekendstelling tipies aanvanklik 'n negatiewe uitwerking op beide verdienste en kontantvloei, totdat hulle 'n bydrae begin lewer. In die betaaltelevisie-segment sal mededinging na verwagting ook toeneem.

In Suid-Afrika verwag ons dat die verlangsaming in verbruikersbesteding sal voortduur. Dit sal 'n demper op advertensie- en sirkulasie-omset plaas. In die verlede het betaaltelevisie egter nie skerp op die ekonomiese siklus gereageer nie. Die makro-ekonomiese toestande in ons ander hoofmarkte behoort in die komende jaar lewendig te bly.

INTEGRITEITSKETTING

- Gemeenskap

- Verbinding

- Kommunikasie

- Verbintenis

15% verhoging in jaarlikse dividend tot 180 sent

AANDELEBEURSNOTERINGS

Gedurende 2007 het die maatskappy besluit om sy Amerikaanse deposito-aandele (ADA's) te denoteer van NASDAQ en sy registrasie van die ADA's by die SEC (Securities and Exchange Commission) in die VSA te beëindig. Naspers het sy Amerikaanse Depositobewys-program (ADB-program) in 'n Vlak I ADB-program omskep. Sy aansoek het ook geslaag om sy ADA's op die Londense effektebeurs (LSE) te noteer. Vlak I ADB's word in die VSA op 'n oor-die-toonbank (ODT) basis verhandel. Internasionale beleggers kan dus Naspers-sekuriteite deur die Vlak I ADB-ODT, die LSE of die JSE koop en verkoop.

KORPORATIEWE BESTUUR EN VOLHOUBAARHEID

Aangesien korporatiewe bestuur en volhoubaarheid noodsaaklik is vir belanghebbers van die Naspers-groep, is dit die direksie se strewe om die sake van die groep met integriteit te bedryf. Die direksie is verbind tot toepaslike korporatiewe bestuursbeleid en -praktyke in elke maatskappy in die groep.

Onafhanklike direksies, wat almal hul eie bestuurs-praktyke en subkomitees saamgestel het wat aan die nodige bestuurs- en regulatoriese vereistes voldoen soos van toepassing, beheer verskeie van Naspers se filiale.

In die komende boekjaar sal Naspers voortgaan om terreine te evalueer waar bestuur op 'n korporatiewe

vlak en binne filiale versterk kan word. Die implikasies van die nuwe voorgestelde Maatskappywetsontwerp in Suid-Afrika, asook die King II-kode oor korporatiewe bestuur (tans onder hersiening), sal ook ontleed word en gepaste stappe sal gedoen word.

Naspers het vir die eerste keer 'n volhoubaarheidsverslag opgestel in ooreenstemming met die Global Reporting Initiative (GRI) – toepassingsvlak C. Die dokument is beskikbaar op ons webwerf (**www.naspers.com**).

Risikobestuur

Die bestuur van risiko speel 'n sentrale rol in die daaglikse werksaamhede van al ons ondernemings. As 'n internasionale multimediagroep met sakebedrywighede in verskeie lande is die groep aan 'n wye verskeidenheid risiko's blootgestel, waarvan sommige ernstige gevolge kan inhou. Die gediversifiseerde aard van die groep help egter om blootstelling te versprei.

Naspers se direksie is, in samewerking met die direksies van beduidende filiaalmaatskappye, daarvoor verantwoordelik om prosedures vir risikobestuur en -beheer te bepaal, asook om die doeltreffendheid van die prosedures te evalueer. Die identifisering van risiko's en die bestuur daarvan is deel van elke sake-eenheid se sakeplan.

Risikobestuursfunksies is vir die groot maatskappye in die groep ingestel, en die proses word van tyd tot tyd hersien.

Uit 'n verskeidenheid verwante blootstellings blyk dit dat die volgende groot risiko's tans bestaan:

- globale politieke en markverwikkelinge
- mededinging en tegniese innovasies
- valutaskommelings
- wetgewing en regulasies
- politieke en ekonomiese onstabiliteit
- tegnologiese onderbrekings.

Hoewel hierdie risiko's meestal buite die direksie se beheer is, kan maatreëls ingestel word om die uitwerking daarvan te beperk of te voorkom.

Verbintenis tot bemagtiging

Naspers ondersteun die strewe om voorheen benadeelde gemeenskappe in Suid-Afrika se hoofstroomekonomie te integreer.

235 miljoen rand aan SEB-deelnemers in die Welkom-aandeleskema uitbetaal

Die Welkom-aandeleskema, wat in 1999 van stapel gestuur is, het in die 2007-boekjaar gesluit en elke R1 000 wat belê is, het 'n opbrengs van R31 000 gelewer. Die totale bedrag wat aan SEB-deelnemers uitbetaal is, het R235 miljoen beloop.

Media24 het met welslae 'n breedgebaseerde swart ekonomiese bemagtigingskema, Welkom Yizani, afgesluit. Voortspruitend uit hierdie aandele-aanbod besit ongeveer 100 000 swart persone en groepe nou indirek 15% van Media24 Beperk.

MultiChoice Suid-Afrika het twee suksesvolle bemagtigingstransaksies, Phuthuma Nathi en Phuthuma Nathi 2, afgehandel. Hierdie transaksies is

saamgestel om werklik breed gebaseer te wees. Sowat 120 000 swart persone en groepe besit nou indirek altesaam 20% van MultiChoice Suid-Afrika Beherend (Eiendoms) Beperk.

'n Volledige oorsig van korporatiewe bestuur (risikobestuur ingesluit) verskyn op bladsye 41 tot 51 van die jaarverslag.

DIREKTEURE

Kragtens die maatskappy se statute tree een derde van die nie-uitvoerende direkteure jaarliks uit en heraanstelling geskied nie outomaties nie. Prof G J Gerwel, mnre J J M van Zyl en B J van der Ross, wat by die algemene jaarvergadering volgens rotasie uittree, is verkiesbaar en stel hulle vir herverkiesing beskikbaar.

Mnr J P Bekker is met ingang van 1 April 2008 weer as uitvoerende hoof vir 'n vaste termyn van vyf jaar aangestel, ná sy onbetaalde sabbatsjaar van een finansiële jaar. Aandeelhouers sal gevra word om die heraanstelling van die direkteure wat volgens rotasie uittree, asook die goedkeuring van mnr J P Bekker se aanstelling as besturende direkteur, te oorweeg by die komende algemene jaarvergadering, waarvan die kennisgewing in hierdie jaarverslag verskyn. Die verkorte curricula vitae van al die direkteure verskyn op bladsye 52 en 53 van die jaarverslag.

MENSE

Snelbewegende markte vereis dat ons buigsaam moet wees en vinnig by verandering aanpas. Die groep het die regte vaardighede nodig om die uitdagings die hoof te bied in al die markte waarin ons bedrywig is. Ons is trots op die bydrae van ons mense in soveel lande. Oor die afgelope jaar het hulle ondernemingsgees getoon deur die meeste van die doelstellings te bereik wat vir ons ondernemings gestel is. Ons waardeer hul toewyding.

Ten slotte bedank ek graag my mededireksielede vir hul leiding en ondersteuning gedurende 'n bedrywige jaar.



Ton Vosloo
Voorsitter

Stewige groei

Hierdie oorsig bied die hoogtepunte van die groep se finansiële prestasie gedurende die afgelope jaar. Volledige besonderhede verskyn in die finansiële jaarstate wat op bladsye 57 tot 160 van hierdie jaarverslag aangebied word.

OORSIG VAN GROEPRESULTATE

Omset

Die groep het omsetgroei van 19% tot R20,5 miljard aangeteken. Die uitblinker was die internetsegment, met groei van 42%. Die betaaltelevisie-segment het met 22% gestyg – die intekenaarbasis het oor die verslagtydperk met 246 000 vergelykbare intekenare aangegroei.

Bedryfswins

Bedryfswins voor amortisasie en ander winste/verliese het met 15% tot R4,2 miljard gestyg (2007: R3,7 miljard). Dit sluit R1,1 miljard (2007: R876 miljard) in wat die groep in die ontwikkeling van nuwe tegnologieë, produkte en dienste belê het. Hierdie besteding was laer as wat verwag is weens die stadiger uitbreiding van mobieletelevisie-dienste, wat op die uitreiking van handelslisensies deur die regulatoriese owerhede staatmaak.

Finansieringsinkomste

Netto finansieringsinkomste vir die tydperk het R1,0 miljard bedra, in vergelyking met die netto finansieringskoste van R338 miljoen in die vorige jaar. Dit sluit rente-inkomste van R602 miljoen in wat op netto kontantdeposito's verdien is. Aangesien die kapitaal wat in Maart 2007 verkry is, eers in die tweede helfte van die huidige boekjaar ontplooi is, sal rente-inkomste in die komende jaar laer wees.

Ekwiteitsverantwoorde resultate

Die groep het in die laaste tyd beduidende minderheidsbelange in ondernemings in ontluikende markte soos China, Brasilië en Rusland verkry. Vir verslagdoeningsdoeleindes is hierdie belange ekwiteitsverantwoord en word hulle nie by die segmentele resultate in die finansiële oorsig ingesluit nie. Tencent, Abril en mail.ru het almal verblydende groei aangeteken, soos blyk uit die verhoging in ons deel van verdienste uit ekwiteitsverantwoorde geassosieerde maatskappye, met 93% tot R654 miljoen.

Die waardedaling in ekwiteitsverantwoorde beleggings hou merendeels verband met ons belegging in Beijing Media Corporation Limited en Titan Media. Hoewel ons positief is oor die vooruitsigte van hierdie beleggings, glo ons dat dit wys is om 'n waardedaling aan te teken.

Beëindigde bedrywighede

Die beëindigde bedrywighede hou verband met die privateonderwys-onderneming, wat verkoop is en dit het ook betrekking op die betaaltelevisie-bedrywighede in Griekeland en Ciprus, waar verkoopooreenkomste aangegaan is wat hopelik later vanjaar afgehandel sal word.

Wesensverdienste en kernwesensverdienste

Die netto uitwerking van bogenoemde is dat kernwesensverdienste vir die tydperk met 38% tot R3,9 miljard gestyg het. Die "Berekening van Wesens- en Kernwesensverdienste" word in die tabel wat volg uiteengesit:

BEREKENING VAN WESENS- EN KERNWESENSVERDIENSTE

	Jaar geëindig 31 Maart 2008 R'm	Jaar geëindig 31 Maart 2007 R'm
Netto wins toeskryfbaar aan aandeelhouers	**3 418**	1 999
Aangesuiwer vir:		
– waardedaling van klandisiewaarde en ander bates	**48**	114
– wins met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**(15)**	(8)
– beëindiging van bedrywighede	**82**	–
– wins met vereffening van lening	**(87)**	–
– verlies met verkoop van beleggings	**512**	279
– waardedaling in ekwiteitsverantwoorde beleggings	**348**	176
	4 306	2 560
Totale belastingeffek van aansuiwerings	**(486)**	(4)
Totale minderheidsbelang van aansuiwerings	**(14)**	4
Wesensverdienste	**3 806**	2 560
Beëindigde bedrywighede	**(258)**	(157)
Wesensverdienste uit voortgesette bedrywighede	**3 548**	2 403
Wesensverdienste	**3 806**	2 560
Aangesuiwer vir:		
– skep van uitgesteldebelasting-bates	**(244)**	(30)
– tesourie-vereffende aandeleskemakoste	**47**	42
– amortisasie van ontasbare bates	**410**	173
– billikewaarde-aansuiwerings en valuta-omrekeningsverskille	**(71)**	109
Kernwesensverdienste	**3 948**	2 854
Voortgesette bedrywighede	**48**	(26)
Kernwesensverdienste uit voortgesette bedrywighede	**3 996**	2 828

Soos gereeld aan aandeelhouers gerapporteer, is die direksie steeds van mening dat kernwesensverdienste 'n toepaslike maatstaf van die groep se volhoubare bedryfsprestasie is, aangesien dit vir eenmalige en nie-bedryfsitems voorsiening maak.

SEGMENTELE OORSIG

	Omset			EBITDA		
	2008 R'm	2007 R'm	% Verandering	2008 R'm	2007 R'm	% Verandering
Betaaltelevisie	**11 542**	9 427	22	**4 272**	3 504	22
Internet	**1 624**	1 143	42	**(64)**	19	–
Tegnologie	**1 081**	866	25	**(126)**	(130)	3
Koerante, tydskrifte en drukkerye	**5 355**	4 823	11	**776**	787	(1)
Boekuitgewerye	**916**	983	(7)	**82**	119	(31)
Korporatiewe dienste	**–**	(23)	–	**(40)**	(55)	–
	20 518	**17 219**	**19**	**4 900**	**4 244**	**15**

	Bedryfswins voor amortisasie en ander winste/verliese			Bedryfswins		
	2008 R'm	2007 R'm	% Verandering	2008 R'm	2007 R'm	% Verandering
Betaaltelevisie	**3 940**	3 218	22	**3 845**	3 146	22
Internet	**(142)**	(30)	–	**(234)**	(102)	–
Tegnologie	**(168)**	(167)	(1)	**(250)**	(226)	(11)
Koerante, tydskrifte en drukkerye	**575**	619	(7)	**491**	561	(12)
Boekuitgewerye	**75**	111	(32)	**69**	96	(28)
Korporatiewe dienste	**(42)**	(58)	–	**(43)**	(59)	–
	4 238	**3 693**	**15**	**3 878**	**3 416**	**14**

ONS MAATSKAPPYE IN DIE GROEP HET DIE VOLGENDE TIPES BELANGE:

- Beleggings in internetplatforms in Sentraal- en Oos-Europa, China, Rusland, Brasilië, Afrika, Indië en Thailand. Dienste word primêr gelewer na rekenaars en selfone
- Betaaltelevisie-intekenaarplatforms en -kanale in Afrika suid van die Sahara, asook beleggings in mobiele televisie in Afrika suid van die Sahara
- Irdeto en Entriq ontwikkel onderliggende tegnologieë vir hierdie platforms
- Drukmedia bestaan uit tydskrifte, koerante, drukwerk en verspreiding in Suid-Afrika en Afrika suid van die Sahara, asook drukmediabeleggings in Brasilië en China
- Uitgee van algemene en opvoedkundige boeke.

KONTANTVLOEI EN BALANSSTAAT

Gedurende die jaar is 'n driejaar-wentelkredietfasiliteit van VS$1,4 miljard verkry om die koop van Tradus te befonds. Die balansstaat bly gesond, met 'n hefboom-finansierings-verhouding van 11%, transpondeerder-bruikhuurooreenkomste uitgesluit. Vrye kontantvloei wat in die huidige jaar deur die groep gegenereer is, het soos verlede jaar R2,2 miljard bedra.

BEDUIDENDE VERKRYGINGS

In Maart 2008 het die groep 100% van die uitgereikte aandelekapitaal van Tradus plc. verkry. Dié maatskappy lewer aanlyngebruikershandelsplatforms en verwante internetdienste wat kopers en verkopers met mekaar verbind. Die koopsom was R15,3 miljard, wat verkrygingskoste van R74 miljoen insluit. Die groep is besig om die koopsomtoekenning te finaliseer en het die koopsom, gegrond op 'n voorlopige waardasie, soos volg erken: netto tasbare bates (R491 miljoen), ontasbare bates (R461 miljoen) en die res as klandisiewaarde.

In Desember 2007 het die groep 97% van die uitgereikte aandelekapitaal verkry van Gadu-Gadu S.A., die voorste kitsboodskapplatform in Pole. Die koopsom was R1,1 miljard, wat verkrygingskoste van R29 miljoen insluit. Die groep het die koopsom, gegrond op 'n waardasie, soos volg erken: netto tasbare bates (R191 miljoen), ontasbare bates (R224 miljoen) en die res as klandisiewaarde.

In Desember 2007 het die groep 100% van die uitgereikte aandelekapitaal van Cloakware Inc., 'n maatskappy wat programmatuur-sekuriteitoplossings bied, verkry teen 'n koopsom van R505 miljoen. Die groep het die koopsom, gegrond op 'n waardasie, soos volg erken: netto tasbare laste (R204 miljoen), ontasbare bates (R485 miljoen) en die res as klandisiewaarde.

Die omset en winste wat uit hierdie verkrygings erken is, was nie wesenlik ten opsigte van die groep se gekonsolideerde resultate vir die jaar nie.

KERNWESENSVERDIENSTE PER AANDEEL



DIVIDEND PER N-AANDEEL (voorgestel)



AANDEELHOUERSBELANG



In November 2007 het die groep sy verkryging van 'n belang van 40% in M-Net/SuperSport, soos in November 2006 aangekondig is, afgehandel. Die totale koopsom is vereffen deur die uitreiking van 21 601 667 Naspers N- gewone aandele en R250 miljoen kontant. Die billike waarde van die uitgereikte aandele was R180 per aandeel op 30 November 2007. Die groep het die koopsom, gegrond op 'n waardasie, soos volg erken: netto tasbare bates (R369 miljoen), ontasbare bates (R528 miljoen) en die res as klandisiewaarde.

BEËINDIGDE BEDRYWIGHEDE

In Oktober 2007 het Media24 aangekondig dat hy 'n aanbod aanvaar het vir die verkoop van sy private-onderwys-onderneming, Educor, wat as 'n lopende saak verkoop is. Media24 het sekere klein bates behou. Educor het gedurende die jaar geëindig 31 Maart 2008 'n netto verlies uit bedrywighede ten bedrae van R153 miljoen aangeteken. Die groep het ook 'n verlies van R82 miljoen met die beëindiging van bedrywighede erken.

In Oktober 2007 het die groep aangekondig dat hy 'n formele proses begin het om NetMed te verkoop. In April 2008 is 'n verdere aankondiging deur die groep gemaak dat voorwaardelike verkoopooreenkomste vir die verkoop van NetMed met ForthNet SA aangegaan is. NetMed het gedurende die jaar geëindig 31 Maart 2008 'n netto wins uit bedrywighede van R396 miljoen getoon.

Hierdie transaksies is in ooreenstemming met IFRS 5 "Nie-bedryfsbates Beskikbaar vir Verkoop en Beëindigde Bedrywighede" as beëindigde bedrywighede verantwoord.

REKENINGKUNDIGE BELEID EN VERANDERINGS IN REKENINGKUNDIGE HANTERING

Die finansiële resultate word opgestel in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS), die bepalings van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet, Nr 61 van 1973, en die Noteringsvereistes van die JSE Beperk. Die rekeningkundige beleid wat gebruik is om die resultate op te stel, strook met dié wat in die vorige tydperk gebruik is, met uitsondering van die veranderings in rekeningkundige standaarde soos hieronder aangedui. 'n Afskrif van die ongekwalifiseerde ouditmening van die ouditeur, PricewaterhouseCoopers Ing., lê ter insae by die geregistreerde kantoor van die maatskappy.

Veranderings in rekeningkundige standaarde

IFRS 7 "Openbaarmaking van Finansiële Instrumente" – Die standaard voeg sekere nuwe openbaarmakingsvereistes vir finansiële instrumente by dít wat vereis word deur IAS 32 "Finansiële Instrumente: Aanbieding".

Wysiging van IAS 1 "Aanbieding van Finansiële State: Kapitaal-openbaarmakings" – Die wysiging vereis bykomende openbaarmakings van die groep se doelwitte, beleid en prosesse vir die bestuur van kapitaal.

Die groep het die openbaarmakings, insluitend vergelykende inligting, verstrek in die betrokke aantekeninge by die finansiële jaarstate wat op bladsye 57 tot 160 van hierdie jaarverslag verskyn.

Omsendbrief 8/2007 "Wesensverdienste" – Dit vervang Omsendbrief 7/2002 *"Wesensverdienste"* en gee uitvoerige leiding oor die berekening van wesensverdienste soos deur die JSE vereis word. Hierdie omsendbrief is deur die groep aanvaar en het geen wesenlike uitwerking op die groep se vorige gerapporteerde resultate gehad nie.